# NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2025

Deur **Aanbidding** wat leef vanuit die erediens
en ons gebedslewe, groei ons

**2025.16**

---

Markus 1:35; Psalm 1:2-3; Lukas 10:38-42; Jakobus 4:8; Efesiërs 5:15-16; Kolossense 3:17; Psalm 90:12.

**Tyd en aanbidding – kan mens dit meet?**
Ja, mens kan tyd en aanbidding meet, maar dit hang af van watter aspekte jy wil meet — en hoekom.

Tyd is in die mees letterlike sin meetbaar. Dink bietjie aan ‘n erediens: ons beplan dat die erediens nie langer as ‘n uur sal duur nie. Wat alles binne die uur gebeur, maak die tyd betekenisvol en dra by tot ‘n aanbiddingservaring, maar meer tyd sal die ervaring nie noodwendig beter maak nie. Die frekwensie van die tyd wat ons vir aanbidding eenkant sit, is ook meetbaar: byvoorbeeld hoeveel keer ‘n maand, ‘n week of ‘n dag ons spesifieke tyd vir God eenkant sit.

Aanbidding is in wese ’n geestelike en innerlike ervaring — dus moeiliker om presies te meet. Maar sekere aspekte kan kwalitatief gemeet of beskryf word: die intensiteit of opregtheid kan bepaal word; die geestelike impak – deur veranderinge in gedrag, gemoed, toewyding – kan gesien word; en die betrokkenheid van mense kan waargeneem word.

Tyd maak Bybelstudie moontlik. Om jou in die Woord te verdiep, vra tyd vir lees, nadink, en gebed. Jy kan net God se stem met respek en eerbied hoor, as jy jou afsonder sodat hy jou die weg kan wys (Psalm 119:105)

As jy gereeld (bv. daagliks) tyd opsy sit, bou jy geestelike spiere (Matteus 4:4). Deur die Woord leer jy wie God is — en dit wek verwondering en lof. Jou aanbidding word meer inhoudryk en gegrond. En jou liedere, gebede en stilte kry diepte wanneer dit wortel in Skrifwaarhede.

Soos enige verhouding, gaan dit nie oor tyd op ’n horlosie nie, maar oor kwaliteit en gereeldheid - God soek verbintenis, nie net tyd nie (Jakobus 4:8). Nêrens in die Bybel word ‘n tydraamwerk aan aanbidding gekoppel nie. Ons lees van mense wat allentyd opsoek om met God te spandeer, maar ook van groot samekomste waar feesgevier en aanbiddingsrituele nagekom is.

Jesus het dikwels vroeg in die oggend alleen gaan bid (Markus 1:35). En Martin Luther sê: "*Ek het so baie om te doen dat ek drie uur in gebed moet begin.*"

Dit is duidelik dat nie oor die hoeveelheid mense, die lengte van tyd of die plek gaan nie, maar of jy werklik God ontmoet het.

As jy dan die vraag sou vra: Hoeveel tyd is genoeg saam met God? Is die antwoord: genoeg tyd om God te hoor, jou hart oop te maak, en Sy teenwoordigheid te beleef.

- https://diebestelewe.co.za/afrikaanse-blogs/jesus-die-aanbidder/
- https://nie.co.za/2023/01/23/hoe-om-meer-tyd-met-god-te-spandeer/

Dink bietjie:

- Hoeveel tyd spandeer jy gewoonlik bewustelik saam met God?
- Voel jy dis genoeg? Hoekom of hoekom nie?
- Voel jy soms skuldig oor "te min tyd"? Wat doen jy dan?

*Vir die groepgesprek:*

1. Wat dink julle: Is die hoeveelheid tyd wat ek met geestelike dinge spandeer in verhouding met die gehalte van aanbidding?

2. Ons deel gewoonlik ons geestelike byeenkomste op in uur eenhede. Wat dink julle van die uur vir 'n erediens – en ook so vir die Bybelstude?

3. Wat dink julle is realisties as ons oor tyd saam met God op 'n daaglikse basis, praat?

*Vanuit die teksgedeeltes:*

1. Lees die volgende teksgedeeltes: Markus 1:35; Psalm 1:2–3; Lukas 10:38–42; Jakobus 4:8.

   Besprekingsvrae uit die teksgedeeltes:

- Wat leer hierdie gedeeltes jou oor hoe God tyd met ons waardeer?
- Wat sê dit oor prioriteite en geestelike nabyheid?
- Watter een van hierdie verse spreek jou die meeste aan en hoekom?

2. Lees Efesiërs 5:15-16. Wat sê die vers oor die spandering van ons tyd?

3. In Kolossense 3:17 word ons aangemoedig om alles vir Here te doen. Hoe kan ek God aanbid terwyl ek werk/leer/huistake doen?

4. Lees Psalm 90:12. Hoe word tyd en insig in hierdie vers aan mekaar gekoppel?

5. Is geduld en die wag op God se antwoord, ook deel van die tydsaspek in ons aanbidding? Wat sê julle?

- Bid as groep vir die leraars wat die gemeente se eredienste so moet inrig dat lidmate 'n geloofservaring kan hê
- Bid vir ons leiers wat ons moet voorgaan in voorbeeld en leiding
- Skep geleenthede waar mense mekaar in vertroulikheid kan ondersteun in gebed en raad.